**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**KUNS SG**
**(Eerste Vraestel: Kunsgeskiedenis)**

**FEB / MAR 2006**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES:**

Die vraestel is verdeel in DRIE afdelings.

| | |
|---|---|
| **AFDELING A** – Internasionale Kuns (1900 tot die hede) | **[45]** |
| **AFDELING B** – Suid-Afrikaanse Kuns (1900 tot die hede) | **[45]** |
| **AFDELING C** – Kunswaardering en -kritiek | **[10]** |

- In Afdeling A moet jy ? totaal van vier vrae beantwoord. Let op die keuse in Vraag 2. Daar is geen keuses in Vrae 1, 3 en 4 nie.
- In Afdeling B moet jy ? totaal van vyf vrae beantwoord. Let op die keuses in Vrae 5 en 8. Daar is geen keuses in Vrae 6, 7 en 9 nie.
- In Afdeling C beantwoord Vraag 10.
- Lees eers die vraestel noukeurig deur en volg die instruksies presies.
- Gebruik vol sinne. Gee voldoende voorbeelde om jou antwoorde te motiveer.
- Moenie inligting herhaal nie.
- Gebruik die puntetoekenning as ? aanduiding van die lengte en omvang vir elke antwoord.
- Trek ? lyn aan die einde van elke vraag en laat ? reël oop na elke onderafdeling van elke vraag.
- Nommer jou antwoorde in ooreenstemming met die vrae.

---

**TEMA:**

Skoonheid is ? moeilik bepaalbare konsep, aangesien dit op subjektiewe waardebepaling gebaseer is. Wat een persoon as skoonheid beskou, mag deur iemand anders as afstootlik ervaar word.

Sommige individue mag niks meervra as ? landelike toneel met golwende wolke in ? blou hemel en groen velde wat lei na ? kabbelende stroompie nie. Ander mag weer genot vind in ? abstrakte maalstroom van botsende kleure van arbitrêre spatsels verf. En dan is daar diegene wat hulself uitleef in die skok van brutale aksies wat in die naam van kuns uitgevoer word.

Hierdie vraestel vereis dat jy die verskillende beelde waardeur kuns gewaardeer en gekritiseer kan word, oorweeg.

AFDELING A
## INTERNASIONALE KUNS VANAF 1900 TOT DIE HEDE

### VRAAG 1

Kunstenaars het uiteenlopende benaderings tot skoonheid, waarop die publiek reageer. Kies TWEE Twintigste Eeuse Internasionale **skilderkunsbewegings**, een van vóór en een van na die Tweede Wêreldoorlog.

Gee by **elk** van jou gekose bewegings die volgende inligting:

1.1 Die name van die bewegings (2)

1.2 Die naam van EEN kunstenaar van elk van die bewegings (2)

1.3 Die naam van EEN werk van elk van dié kunstenaars (2)

1.4 Beskryf ? skildery van EEN van die kunstenaars wat jy genoem het. (5)

1.5 Watter elemente van die kunsbeweging waaraan hierdie skildery behoort, was in daardie tydperk as aantreklik of as onaantreklik beskou? (4)

**[15]**

**EN**

### VRAAG 2

**BEANTWOORD OF VRAAG 2.1 OF VRAAG 2.2.**

| Die Internasionale Styl van argitektuur het weggebreek van tradisionele idees van skoonheid. |
|---|

2.1 2.1.1 Noem EEN Internasionale Styl-argitek. (1)

2.1.2 Noem EEN gebou deur hierdie argitek. (1)

2.1.3 Beskryf hierdie gebou. (4)

2.1.4 Wat is ontradisioneel aan hierdie gebou? (3)

2.1.5 Noem ? argitek wat ná die Internasionale Styl van argitektuur gewerk het. (1)

2.1.6 Noem ? gebou deur hierdie argitek. (1)

2.1.7 Hoe het dié argitek die gebou aantreklik laat lyk? (4)

**[15]**

**OF**

2.2 Kies EEN gebou wat jy hierdie jaar bestudeer het, **óf** van die Internasionale Styl **of** van ? argitektuurbeweging van na die Internasionale Styl.

2.2.1 Teken ? duidelike lyndiagram van die gebou. (3)

2.2.2 Skryf die naam van die gebou onderaan die diagram neer. (1)

2.2.3 Skryf die naam van die argitek onder die naam van die diagram neer. (1)

2.2.4 Noem VIER materiale wat in die gebou gebruik is. (4)

2.2.5 Beskryf DRIE kenmerke van die beweging wat aan die buitekant van die gebou (sy voorkoms) gesien kan word (3)

2.2.6 Skryf die ligging van die gebou langs die diagram neer. (1)

2.2.7 Noem TWEE konstruksiemetodes wat in die gebou gebruik is. (2)
**[15]**

**EN**

**VRAAG 3**

| |
|---|
| Kunstenaars wat driedimensioneel werk, ondersoek nuwe maniere om uitdrukking te gee aan hulle idees. |

3.1 Noem TWEE internasionale kunstenaars wat op ? driedimensionele wyse werk. (2)

3.2 Noem EEN werk deur elk van dié kunstenaars. (2)

3.3 Beskryf EEN van hierdie werke. (4)

3.4 Wat maak dié werk onvergeetlik? (2)
**[10]**

**EN**

**VRAAG 4**

| |
|---|
| Toegepaste kuns is op die verbruiker gemik. |

4.1 Noem ? toegepastekuns-kunstenaar of ? toegepastekuns-kunsbeweging. (1)

4.2 Beskryf ? werk deur dié toegepastekuns-kunstenaar of toegepastekuns-kunsbeweging. (4)
**[5]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [45]**

AFDELING B

**SUID-AFRIKAANSE KUNS VANAF 1900 TOT DIE HEDE**

**VRAAG 5**

**BEANTWOORD OF VRAAG 5.1 OF VRAAG 5.2.**

| Daar is dikwels tekens van konflik en disharmonie in die werke van kontemporêre Suid-Afrikaanse kunstenaars. |
|---|

5.1 5.1.1 Noem EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse skilder. (1)

5.1.2 Noem ? werk deur dié skilder. (1)

5.1.3 Beskryf dié werk. (3)
**[5]**

**OF**

5.2 Skryf ? paragraaf oor EEN vroeë Suid-Afrikaanse skilder. Sê of jy sy of haar werk aantreklik beskou of nie. Gee redes vir jou antwoord. **[5]**

**EN**

**VRAAG 6**

6.1 Noem ? Suid-Afrikaanse tekenaar/grafiese kunstenaar of drukkuns-kunstenaar. (1)

6.2 Noem ? werk deur dié kunstenaar. (1)

6.3 Beskryf dié werk en sê wat hierdie werk OF aanloklik OF onaantreklik maak. (3)
**[5]**

**EN**

**VRAAG 7**

> Die manier waarop materiale in ? gebou aangewend word, dra by tot die voorkoms van die gebou.

7.1 Noem EEN Suid-Afrikaanse openbare gebou. (1)

7.2 Noem die argitek van hierdie gebou. (1)

7.3 Noem TWEE materiale wat gebruik is in die konstruksie van hierdie gebou. (2)

7.4 Verduidelik waar dié materiale in die gebou aangewend is. (2)

7.5 Noem EEN eienskap van dié gebou wat as ongewoon geag kan word. (1)

7.6 Verduidelik hoekom hierdie eienskap as ongewoon beskou kan word. (1)

7.7 Noem EEN woonhuis. (1)

7.8 Noem die argitek van hierdie gebou. (1)

7.9 Beskryf dié gebou. (5)
**[15]**

**EN**

**VRAAG 8**

**BEANTWOORD OF VRAAG 8.1 OF VRAAG 8.2**

> Kunstenaars wat driedimensioneel werk, toon dikwels onverwagte aspekte in hulle werke.

8.1 8.1.1 Noem TWEE kunstenaars wat driedimensioneel werk. (2)

8.1.2 Noem EEN werk deur elk van die kunstenaars. (2)

8.1.3 Beskryf albei hierdie werke. 2x3=(6)
**[10]**

**OF**

8.2 Skryf TWEE afsonderlike paragrawe oor twee kunstenaars wat in drie dimensies werk. Skryf die naam van die twee kunstenaars bo-aan elke paragraaf. Verskaf die volgende inligting in jou paragrawe:

- Die naam van een kunswerk deur elke kunstenaar
- Materiale wat in elke kunswerk gebruik is
- Aantreklike aspekte van elke kunswerk
- Onaantreklike aspekte van elke kunswerk **[10]**

**EN**

**VRAAG 9**

| Die waarde van kunsvlyt of toegepaste kuns word dikwels bepaal deur die bemarkbaarheid van die werke. |
|---|

Met verwysing na spesifieke voorbeelde, bespreek kunsvlyt of toegepastekuns, en verduidelik wat die werk aantreklik maak om te koop. **[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [45]**

**EN**

AFDELING C

**KUNSWAARDERING EN KRITIEK**

**VRAAG 10**

| Kunswerke wat nie aantreklik is nie word dikwels kitsch genoem. |
|---|

Hoe sou jy bepaal wat **kitsch** of **swak smaak** in kuns is?
Verwys na jou besoek aan ? galery en noem en beskryf TWEE kunswerke wat jy by hierdie kunsgalery gesien het en wat volgens jou mening in swak smaak is. **[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [10]**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**